

DEPARTEMENT VAN WETENSKAP EN INNOVASIE

NO. 316

6 April 2021

KENNISGEWING VIR DIE HERSIENDE VRYSTELLING VAN RADIOFREKWENSIE SPEKTRUM VIR GEBRUIK BINNE DIE KAROO SENTRALE ASTRONOMIEVOORDEELGEBIEDE

Ek, Dr. Bonginkosi Emmanuel Nzimande, Minister van Wetenskap en Innovasie, het die vrygestelde radiofrekwensie, soos uiteengesit in die Regulasies vir die Beskerming van die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede (hierna genoem die KCAAA), gepubliseer in die Staatskoerant Nr. 42531 onder kennisgewing Nr. 926 op 14 Junie 2019.

In ooreenstemming met Regulasie 3(4) van Bylae B van die KCAAA Regulasies, en met instemming van die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (ICASA), publiseer ek, hiermee die hersiende radio frekwensiespektrum wat vrygestel is vir gebruik binne die KCAAA's soos uiteengesit in die aangehegte bylaag.

As gevolg van die voorgenoemde het ek die periode om te voldoen aan die Regulasies vir die Beskerming van die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede, gemaak ingevolge die Wet op Geografiese Astronomievoordeelgebiede, 2007, verder verleng tot 15 Desember 2021 (Kennisgewing Nr. 1293, Staatskoerant Nr. 43967 op 4 Desember 2020).

Belangstellende en geaffekteerde partye word uitgenooi om binne 60 (sestig) dae, vanaf die publikasie van die kennisgewing skriftelike vertoë of besware teen die voorgenome hersiende radio frekwensiespektrum binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede te rig.

Ingevolge Regulasie 3(2) van Bylae A van die KCAAAA regulasies (verleng tot 15 Desember 2021), sal die gebruik van die radiofrekwensiespektrum tussen 100 MHz tot 25 500 MHz (25.5 GHz), binne die KCAAA's verbode wees. Slegs die radiofrekwensiespektrum wat vrygestel is van die verbod soos vermeld in die aangehegte bylaag, mag daarna gebruik word en slegs indien 'n permit uitgereik is ingevolge Regulasie 4 van die Bylae B van die regulasies.

Alle lisensiehouers en lisensie-vrygestelde operateurs wat radio-uitsendings binne die KCAAA's uitvoer, behalwe dié wat ingevolge Regulasie 5 van Skedule A van die regulasies vrygestel is, moet aansoek doen vir 'n permit van die Astronomie Bestuursgesag (AMA), 'n eenheid van die Departement van Wetenskap en Innovasie, om te kan voortgaan om binne die KCAAA's te funksioneer.